



THE PROVINCE OF TRANSVAAL Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)



DIE PROVINSIE TRANSVAAL Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

VOL 212

PRICE 5c

PRETORIA,

22 APRIL
22 APRIL

1970

PRYS 5c

3445

No. 96, (Administrator's), 1970.

PROCLAMATION

*by The Honourable the Administrator of the
Province Transvaal.*

Whereas a written application in terms of the provisions of section 3 of the Removal of Restrictions Act, 1967, (Act No. 84 of 1967) has been received from the Waldorf Schools Association (Transvaal) for certain restrictions which are binding on Erven Nos. 839, 840, 841 and 842 situated in the township of Bryanston, district Johannesburg, Transvaal, to be removed;

And whereas it is provided by section 2 of the above-mentioned Act, that the Administrator of the Province may in certain circumstances alter, suspend or remove any restrictive condition in respect of land;

And whereas the Administrator has given his approval for such amendment;

And whereas the Minister of Community Development has given his approval for such amendment;

And whereas all the provisions of the abovementioned Act have been complied with;

Now, therefore, I hereby exercise the powers conferred upon me as aforesaid in respect of the conditions of title in Deed of Transfer No. 44885/1965, pertaining to the said Erven Nos. 839, 840, 841 and 842, Bryanston township, by the removal of conditions (p), (q)(i), (q)(ii) and (u);

Given under my Hand at Pretoria this 7th day of April One thousand Nine hundred and Seventy.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
T.A.D. 8/2/147/5.

No. 97 (Administrator's), 1970.

PROCLAMATION

*by the Honourable the Administrator of the
Province Transvaal.*

Whereas a written application in terms of the provisions of section 3 of the Removal of Restrictions Act, 1967, (Act No. 84 of 1967) has been received from Rupertstraat Beleggings Eiendoms Beperk No. 69/0443 for a certain restriction which is binding on Lots Nos. 618 and 762, situated in the township of Brooklyn, district Pretoria, Transvaal, to be altered;

And whereas it is provided by section 2 of the above-mentioned Act, that the Administrator of the Province may in certain circumstances alter, suspend or remove any restrictive condition in respect of land;

And whereas the Administrator has given his approval for such amendment;

No. 96 (Administrateurs-), 1970.

PROKLAMASIE

*deur Sy Edele die Administrateur van die
Provinsie Transvaal.*

Nademaal 'n skriftelike aansoek ingevolge die bepalings van artikel 3 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet No. 84 van 1967) ontvang is van die Waldorf Schools Association (Transvaal) om sekere beperkings wat op Erwe Nos. 839, 840, 841 en 842 geleë in die dorp Bryanston distrik Johannesburg, Transvaal, bindend is, op te hef;

En nademaal by artikel 2 van bogenoemde Wet bepaal word dat die Administrateur van die Provinsie in sekere omstandighede 'n beperkende voorwaarde ten opsigte van grond kan wysig, opskort of ophef;

En nademaal die Administrateur sy goedkeuring aan sodanige wysiging verleen het;

En nademaal die Minister van Gemeenskapsbou sy goedkeuring aan sodanige wysiging verleen het;

En nademaal aan al die bepalings van bogenoemde Wet voldoen is;

So is dit dat ek hierby die bevoegdhede my verleen soos voormeld, uitoeven met betrekking tot die titelvoorwaardes in Akte van Transport No. 44885/1965 ten opsigte van genoemde Erwe Nos. 839, 840, 841 en 842 dorp Bryanston, deur die opheffing van voorwaardes (p), (q)(i), (q)(ii) en (u);

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 7de dag van April Eenduisend Negenhonderd-en-Sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
T.A.D. 8/2/147/5.

No. 97 (Administrateurs-), 1970.

PROKLAMASIE

*deur Sy Edele die Administrateur van die
Provinsie Transvaal.*

Nademaal 'n skriftelike aansoek ingevolge die bepalings van artikel 3 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet No. 84 van 1967) ontvang is van Rupertstraat Beleggings Eiendoms Beperk No. 69/0443 om 'n sekere beperking wat op Erwe Nos. 618 en 762, geleë in die dorp Brooklyn, distrik Pretoria, Transvaal, bindend is, te wysig;

En nademaal by artikel 2 van bogenoemde Wet bepaal word dat die Administrateur van die Provinsie in sekere omstandighede 'n beperkende voorwaardes ten opsigte van grond kan wysig, opskort of ophef;

En nademaal die Administrateur sy goedkeuring aan sodanige wysiging verleen het;

And whereas all the provisions of the abovementioned Act have been complied with;

Now, therefore, I hereby exercise the powers conferred upon me as aforesaid in respect of the conditions of title in Deeds of Transfer Nos. 15265/1969 and 15264/1969, pertaining to the said Erven Nos. 618 and 762, Brooklyn township, by the alteration of condition (b) by the deletion of the following sentence;

"Not more than one dwelling house with the necessary outbuildings and appurtenances shall be erected on the said Lot and the said Lot shall not be subdivided".

Given under my Hand at Pretoria this 3rd day of April, One thousand Nine hundred and Seventy.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
T.A.D. 8/2/15/8.

No. 98 (Administrator's), 1970.

PROCLAMATION

by the Honourable the Administrator of the Province Transvaal.

Whereas a written application in terms of the provisions of section 3 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act No. 84 of 1967) has been received from Altrude Investments (Proprietary) Limited for a certain restriction which is binding on Lot No. 117 situated in the township of Observatory, district Johannesburg, Transvaal, to be removed;

And whereas it is provided by section 2 of the abovementioned Act, that the Administrator of the Province may in certain circumstances alter, suspend or remove any restrictive condition in respect of land;

And whereas the Administrator has given his approval for such amendment;

And whereas all the provisions of the abovementioned Act have been complied with;

Now, therefore, I hereby exercise the powers conferred upon me as aforesaid in respect of the conditions of title in Deed of Transfer No. 8348/1968 pertaining to the said Lot 117, Observatory township, by the removal of Condition 4.

Given under my Hand at Pretoria this 1st day of April One thousand Nine hundred and Seventy.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
T.A.D. 8/2/89/2.

No. 99 (Administrator's), 1970.

PROCLAMATION

by The Honourable the Administrator of the Province of Transvaal.

Whereas an application has been received for permission to establish the township of Morningside Extension No. 24 on Portion 395 (a portion of Portion 119) of the farm Zandfontein No. 42 IR, district Johannesburg;

And whereas the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, relating to the establishment of townships, have been complied with;

En nademaal aan al die bepalings van bogenoemde Wet voldoen is;

So is dit dat ek hierby die bevoegdhede my verleen soos vermeld, uitoefen met betrekking tot die titelvoorwaardes in Aktes van Transport Nos. 15265/1969 en 15264/1969 ten opsigte van genoemde Erwe Nos. 618 en 762, dorp Brooklyn, deur die wysiging van voorwaardes (b) deur die skapping van die volgende sin:

"Not more than one dwelling house with the necessary outbuildings and appurtenances shall be erected on the said Lot and the said Lot shall not be subdivided".

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 3de dag van April Eenduisend Negehoenderd-en-Sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
T.A.D. 8/2/15/8.

No. 98 (Administrateurs-), 1970.

PROKLAMASIE

deur Sy Edele die Administrateur van die Provinsie Transvaal.

Nademaal 'n skriftelike aansoek ingevolge die bepalings van artikel 3 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet No. 84 van 1967) ontvang is van Altrude Investments (Proprietary) Limited om 'n sekere beperking wat op Lot No. 117 geleë in die dorp Observatory, distrik Johannesburg, Transvaal, bindend is, op te hef;

En nademaal by artikel 2 van bogenoemde Wet bepaal word dat die Administrateur van die Provinsie in sekere omstandighede 'n beperkende voorwaarde ten opsigte van grond kan wysig, opskort of ophef;

En nademaal die Administrateur sy goedkeuring aan sodanige wysiging verleen het;

En nademaal aan al die bepalings van begenoemde Wet voldoen is;

So is dit dat ek hierby die bevoegdhede my verleen soos voormeld, uitoefen met betrekking tot die titelvoorwaardes in Akte van Transport No. 8348/1968 ten opsigte van genoemde Lot 117, dorp Observatory, deur die opheffing van voorwaarde 4.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 1ste dag van April Eenduisend Negehoenderd en Sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
T.A.D. 8/2/89/2.

No. 99 (Administrateurs-), 1970.

PROKLAMASIE

deur Sy Edele die Administrateur van die Provinsie Transvaal.

Nademaal 'n aansoek ontvang is om toestemming om die dorp Morningside Uitbreiding No. 24 te stig op Gedeelte 395 ('n gedeelte van Gedeelte 119) van die plaas Zandfontein No. 42 IR, distrik Johannesburg;

En nademaal aan die bepalings van dorpe- en Dorps-aanleg-Ordonnansie, 1931, wat op die stigting van dorpe betrekking het, voldoen is;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (4) of section 20 of the said Ordinance, I hereby declare that the said township shall be an approved township, subject to the conditions contained in the schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria on this 7th day of April, One Thousand Nine Hundred and Seventy.

S. G. J. VAN NIEKERK.
Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.D. 4/8/2411.

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY NORMAN CLIFFORD HOWSON UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWNSHIPS AND TOWN-PLANNING ORDINANCE, 1931, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 395 (A PORTION OF PORTION 119) OF THE FARM ZANDFONTEIN NO. 42-IR, DISTRICT JOHANNESBURG, WAS GRANTED.

A. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

1. Name

The name of the township shall be Morningside Extension No. 24.

2. Design of Township.

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A. 87/68.

3. Water.

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that —

- (a) a supply of potable water, sufficient for the needs of the inhabitants of the township when it is fully built up, including provision for fire fighting services, is available;
- (b) arrangements to the satisfaction of the local authority have been made regarding the delivery of the water referred to in (a) above and the reticulation thereof throughout the township: Provided that such arrangements shall include the following provisions—
 - (i) That before the plans of any buildings to be erected upon any erf are approved by the local authority the applicant shall cause a suitable supply of water to be laid on to the street frontage of the erf;
 - (ii) that all costs of, or connected with, the installation of plant and appurtenances for the delivery, storage, if necessary, and reticulation of the water shall be borne by the applicant, who shall also be responsible for the maintenance of such plant and appurtenances in good order and repair until they are taken over by the local authority: Provided that if the local authority requires the applicant to install plant and appurtenances of a capacity in excess of the needs of the township the additional costs occasioned thereby shall be borne by the local authority;
 - (iii) that the local authority shall be entitled to take over free of cost the said plant and appurtenances at any time, subject to the giving of six months' notice: Provided that until the local

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (4) van artikel 20 van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat genoemde dorp 'n goedgekeurde dorp is, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande bylae.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 7de dag van April Eenduisend Negenhonderd-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
T.A.D. 4/8/2411.

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GE-DOEN DEUR NORMAN CLIFFORD HOWSON IN-GEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE DORPE- EN DORPSAANLEG-ORDONNANSIE, 1931, OM TOE-STEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 395 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 119) VAN DIE PLAAS ZANDFONTEIN NO. 42 IR, DISTRIK JOHANNESBURG, TOEGESTAAN IS.

A. STIGTINGSVOORWAARDES.

1. Naam.

Die naam van die dorp is Morningside Uitbreiding No. 24.

2. Ontwerpplan van die Dorp.

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A.87/68.

3. Water.

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat —

- (a) 'n voorraad water geskik vir menslike gebruik en wat toereikend is om aan die vereistes van die inwoners van die dorp te voldoen wanneer dit heeltemal toegebou is, met inbegrip van voorsiening vir brandweerdienste, beskikbaar is;
- (b) reëlins tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is in verband met die lewering van water in (a) hierbo genoem en die retikulasie daarvan deur die hele dorp: Met dien verstande dat onderstaande bepalinge in sodanige reëlins ingesluit word:—
 - (i) Dat die applikant 'n geskikte voorraad water tot by die straatfront van die erf moet laat aanlê voordat die planne van 'n gebou wat op die erf opgerig sal word, deur die plaaslike bestuur goedgekeur word;
 - (ii) dat alle koste van, of in verband met die instal-lering van 'n installasie en toebehore vir die lewering, opgaar, indien nodig, en die retikulasie van die water deur die applikant gedra moet word en die applikant is ook aanspreeklik om sodanige installasie en toebehore in 'n goeie toestand te onderhou tot tyd en wyl hulle deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat indien die plaaslike bestuur vereis dat die applikant 'n installasie en toebehore van 'n groter kapasiteit as wat vir die dorp nodig is, moet installeer, die ekstra koste wat daardeur mee-gebring word, deur die plaaslike bestuur gedra moet word;
 - (iii) dat die plaaslike bestuur daartoe geregtig is om genoemde installasie en toebehore te eniger tyd kosteloos oor te neem, op voorwaarde dat ses maande kennis gegee moet word: Met dien ver-

authority takes over the said water supply the applicant may make charges for water supplied at a tariff approved by the local authority;

- (c) the applicant has furnished the local authority with adequate guarantees regarding the fulfilment of his obligations under the abovementioned arrangements.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and the major features of the arrangements entered into between the applicant and the local authority, with special reference to the guarantees referred to in subparagraph (c) shall accompany the certificate as an annexure thereto.

4. Sanitation.

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the sanitation of the township, which shall include provision for the disposal of waste water and refuse.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

5. Electricity.

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the supply and distribution of electricity throughout the township.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

6. Cemetery, Depositing and Bantu Location Sites.

The applicant shall make arrangements with the local authority to the satisfaction of the Administrator in regard to the provision of a depositing site and sites for a cemetery and Bantu location. Should such provision consist of land to be transferred to the local authority, transfer thereof shall be free of conditions restricting the use or the right of disposal thereof by the local authority.

7. Mineral Rights.

All rights to minerals and precious stones shall be reserved to the applicant.

8. Cancellation of Existing Conditions of Title.

The applicant shall at his own expense cause the following conditions to be cancelled.

- (a) Except with the written approval of the Administrator first had and obtained not more than one dwelling house, which shall mean a house designed for use as a dwelling for a single family together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection with the land, shall be erected on the land.
- (b) Except with the written approval of the Administrator first had and obtained the land shall be used for residential and agricultural purposes only, or be subject to the provisions of the Townships and Town-Planning Ordinance No. 11 of 1931, for the establishment of a township thereon.

9. Street.

- (a) The applicant shall form, grade and maintain the street in the township to the satisfaction of the local

stande dat die applikant gelde vir water wat gelewer word teen 'n tarief deur die plaaslike bestuur goedgekeur, kan vorder tot tyd en wyl die plaaslike bestuur genoemde waterlewering oorneem;

- (c) die applikant geskikte waarborge aan die plaaslike bestuur verstrek het met betrekking tot die nakoming van sy verpligtings kragtens bostaande reëlins.

'n Beknopte verklaring waarin die aard en hoeveelheid van die watervoorraad beskikbaar en die hooftrekke van die reëlins tussen die applikant en die plaaslike bestuur getref, uiteengesit word, met spesiale vermelding van die waarborge in subparagraaf (c) genoem moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

4. Sanitêre Dienste.

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlins tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir die sanitêre dienste in die dorp, met inbegrip van voorsiening vir die afvoer van vuilwater en vullisverwydering.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlins moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

5. Elektrisiteit.

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlins tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir die lewering en distribusie van elektrisiteit deur die hele dorp.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlins moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

6. Stortplek, Begraafplaas- en Bantoelokasieterreine.

Die applikant moet tot voldoening van die Administrateur met die plaaslike bestuur reëlins tref ten opsigte van die verskaffing van 'n stortplek en terreine vir 'n begraafplaas en 'n Bantoelokasie. As sodanige verskaffing bestaan uit grond aan die plaaslike bestuur oorgedra te word, is die oordrag daarvan nie onderworpe aan voorwaardes waarby die gebruik of die reg van vervreemding daarvan deur die plaaslike bestuur, beperk word nie.

7. Mineraleregte.

Alle regte op minerale en edelgesteentes word aan die applikant voorbehou.

8. Kansellering van Bestaande Titellovoorwaardes.

Die applikant moet op eie koste die volgende voorwaardes laat kanselleer:—

- (a) Except with the written approval of the Administrator first had and obtained not more than one dwelling-house, which shall mean a house designed for use as a dwelling for a single family together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection with the land, shall be erected on the land.
- (b) Except with the written approval of the Administrator first had and obtained the land shall be used for residential and agricultural purposes only or be subject to the provisions of the Townships and Town-Planning Ordinance No. 11 of 1931, for the establishment of a township thereon."

9. Straat.

- (a) Die applikant moet die straat in die dorp vorm, skraap en onderhou tot voldoening van die plaaslike

authority until such time as this responsibility is taken over by the local authority: Provided that the Administrator shall from time to time be entitled to relieve the applicant wholly or partially from this obligation after reference to the Townships Board and the local authority.

- (b) the applicant shall at his own expense remove all obstacles such as buildings, fences, trees and tree stumps from the street reserve to the satisfaction of the local authority.
- (c) The street shall be named to the satisfaction of the local authority.

10. Endowment.

The applicant shall, subject to the proviso to paragraph (d) of subsection (1) of section *twenty-seven* of Ordinance No. 11 of 1931, pay as an endowment to the local authority an amount representing 16½% (sixteen and a half per cent) on land value only of all erven disposed of by the applicant by way of sale, barter or gift or in any other manner (other than erven transferred in terms of section *twenty-four* of that Ordinance), such value to be calculated as at the date of the promulgation of the township in the event of the erven having been disposed of prior to such promulgation or as at the date of such disposal in the event of the erven being disposed of after such promulgation and to be determined in the manner set out in the said paragraphs (d).

Quarterly audited detailed statements shall be rendered by the applicant to the local authority and shall be accompanied by a remittance for the amount shown to be due to the local authority. The local authority or any official duly authorised thereto by it, shall have the right to inspect and audit the applicant's books at all reasonable times relative to the disposal of erven in the township. If so required by the said local authority, or official, the applicant shall produce all such books and papers as may be necessary for such inspection and audit. If no such moneys have been received during any quarterly period the local authority may, in lieu of an audited statement, accept a statement to that effect.

11. Disposal of Existing Conditions of Title.

All erven must be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

12. Amendment of Town Planning Scheme.

The applicant shall at his own expense take the necessary steps to have the relevant town planning scheme amended when required to do so by the local authority.

13. Enforcement of Conditions

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions referred to in section 56 *bis* of Ordinance No. 11 of 1931: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

B. CONDITIONS OF TITLE.

1. The Erven with Certain Exceptions.

The erven with the exception of:

- (i) such erven as may be acquired for State purposes; and

bestuur tot tyd en wyl hierdie aanspreeklikheid deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat die Administrateur geregtig is om die applikant na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur van tyd tot tyd geheel en al of gedeeltelik van hierdie verpligting te onthef.

- (b) Die applikant moet op eie koste alle hindernisse soos geboue, heinings, bome en boomstompe van die straatreserwe tot voldoening van die plaaslike bestuur verwyder.
- (c) Die straat moet tot voldoening van die plaaslike bestuur 'n naam gegee word.

10. Skenking.

Die applikant moet, onderworpe aan die voorbehoudsbepaling van paragraaf (d) van subartikel (1) van artikel *sewe-en-twintig* van Ordonnansie No. 11 van 1931, as 'n skenking aan die plaaslike bestuur 'n bedrag betaal gelykstaande met 16½% (sestien en 'n half persent) van slegs die grondwaarde van alle erwe wat deur die applikant verkoop, verruil of geskenk of op enige ander manier van die hand gesit word (uitgesonderd erwe oorgedra ingevolge artikel *vier-en-twintig* van daardie Ordonnansie), sodanige waarde bereken te word soos op die datum van die afkondiging van die dorp indien die erwe voor sodanige afkondiging van die hand gesit is of soos op die datum waarop dit aldus van die hand gesit word indien die erwe van die hand gesit word na sodanige afkondiging en vasgestel te word op die wyse uiteengesit in genoemde paragraaf (d).

Die applikant moet geouditeerde, gedetailleerde kwartaalstate, tesame met die bedrag wat daarop aangewys word as verskuldig aan die plaaslike bestuur, aan die plaaslike bestuur verstrek. Die plaaslike bestuur of enige beaampte deur hom behoorlik daartoe magtiging verleen, besit die reg om op alle redelike tye die applikant se boeke betreffende die verkoop van erwe in die dorp te inspekteer en te ouditeer. Op versoek van genoemde plaaslike bestuur of beaampte moet die applikant alle boeke en stukke wat vir sodanige inspeksie en ouditering nodig is, voorlê. Indien geen sodanige gelde gedurende enige tydperk van drie maande ontvang is nie, kan die plaaslike bestuur 'n verklaring waarin melding hiervan gemaak word in plaas van 'n geouditeerde staat aanneem.

11. Beskikking oor Bestaande Titellovoorwaardes.

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van mineraleregte.

12. Wysiging van Dorpsaanlegskema.

Die applikant moet op sy koste die nodige stappe doen om die toepaslike dorpsaanlegskema te laat wysig wanneer die plaaslike bestuur dit vereis.

13. Nakoming van Voorwaardes.

Die applikant moet die stigtingvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titellovoorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel 56 *bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaam van persone te laat berus.

B. TITELVOORWAARDES.

1. Die Erwe met Sekere Uitsonderings.

Die erwe uitgesonderd:

- (i) erwe wat vir Staatsdoeleindes verkry word; en

- (ii) such erven as may be acquired for municipal purposes provided the Administrator, after consultation with the Townships Board, has approved the purposes for which such erven are required —

shall be subject to the conditions hereinafter set forth imposed by the Administrator under the provisions of the Townships and Town-Planning Ordinance No. 11 of 1931:

- (a) The applicant and any other person or body of persons so authorised in writing by the Administrator, shall, for the purpose of securing the enforcement of these conditions and any other conditions referred to in Section 56 *bis* of Ordinance No. 11 of 1931, have the right and power to enter into and upon the erf at all reasonable times for the purpose of such inspection or inquiry as may be necessary to be made for the abovementioned purpose.
- (b) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.
- (c) Neither the owner nor any other person shall have the right save and except to prepare the erf for building purposes, to excavate therefrom any material without the written consent of the local authority.
- (d) Except with the consent of the local authority no animal as defined in the Local Authorities' Pounds Regulations, as published under Administrator's Notice No. 2 of 1929, shall be kept or stabled on the erf.
- (e) Except with the written approval of the local authority the roofs of all buildings hereafter erected on the erf shall be of tiles, shingles, slate, thatch or concrete.
- (f) Except with the written consent of the local authority no wood and/or iron buildings or buildings of unburnt clay-brick shall be erected on the erf.
- (g) Except with the written approval of the local authority and subject to such conditions as the local authority may impose, neither the owner nor any occupier of the erf shall sink any wells or boreholes thereon or abstract any subterranean water therefrom.
- (h) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher lying erven direct to a public street the owner of the erf shall be obliged to accept and/or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipe line or drain which the owner of such lower lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf.
- (j) The erf shall be used for the erection of a dwelling-house only: Provided that, with the consent of the Administrator after reference to the Townships Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, social hall, institution or other buildings appertaining to a residential area may be erected on the erf: Provided further that the local authority may permit such other buildings as may be provided for in an approved Town-planning

- (ii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry word, mits die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het —

is onderworpe aan die voorwaardes hierna uiteengesit, opgelê deur die Administrateur ingevolge die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie No. 11 van 1931:—

- (a) Die applikant en enige ander persoon of liggaam van persone wat skriftelik deur die Administrateur daartoe magtiging verleen is, het, met die doel om te sorg dat hierdie voorwaardes en enige ander voorwaardes in artikel 56 *bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931 genoem, nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel as wat vir bovermelde doel gedoen of ingestel moet word.
- (b) Nóg die eienaar nóg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.
- (c) Nóg die eienaar nóg enigiemand anders besit die reg om, behalwe om die erf vir boudoeleindes in gereedheid te bring, enige materiaal daarop uit te grawe sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur.
- (d) Behalwe met toestemming van die plaaslike bestuur mag geen dier, soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Besture, soos afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 2 van 1929, op die erf aangehou of op stal gesit word nie.
- (e) Uitgesonderd met die skriftelike goedkeuring van die plaaslike bestuur, moet die dakke van alle geboue wat hierna op die erf opgerig word van teëls, dakpanne, leiklip, dekgras of beton wees.
- (f) Behalwe met die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur mag geen geboue van hout en/of sink of geboue van roustene op die erf opgerig word nie.
- (g) Behalwe met die skriftelike goedkeuring van die plaaslike bestuur en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die plaaslike bestuur opleë, mag nóg die eienaar nóg enige okkupant van die erf enige putte daarop uitgrawe of boorgate daarop boor of enige onderaardse water daaruit trek.
- (h) Waar dit na die mening van die plaaslike bestuur onuitvoerbaar is om neerslagwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n openbare straat af te voer, is die eienaar van die erf verplig om te aanvaar dat sodanige neerslagwater op sy erf vloei en/of toe te laat dat dit daarop loop; Met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging, van waar die neerslagwater oor 'n erf met 'n laer ligging loop, 'n eweredige aandeel van die koste moet betaal van enige pyplyn of afleivoer wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig vind om aan te lê of te bou, om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer.
- (j) Die erf moet slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis op te rig; Met dien verstande dat met toestemming van die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, 'n plek van godsdiensoefening of 'n plek van onderrig, 'n gemeenskapsaal, 'n inrigting of ander geboue wat in 'n woongebied tuis hoort, op die erf opgerig kan word: Voorts met dien verstande dat die plaaslike bestuur sodanige ander geboue waarvoor in 'n goedgekeurde dorpsaanlegskema voorsiening gemaak word kan toelaat,

Scheme, subject to the conditions of the Scheme under which the consent of the local authority is required.

- (k) The dwelling-house, exclusive of outbuildings, to be erected on the erf shall be of the value of not less than R7000;
- (l) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.
- (m) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 35 feet (English) from the boundary thereof abutting on a street.
- (n) Upon the inclusion of the township in an approved town planning scheme, the title conditions which are incorporated in the town planning scheme, may be cancelled if a certificate to this effect has been submitted by the local authority to the Registrar of Deeds.

2. Erven Subject to Special Conditions.

In addition to the conditions set out above the under-mentioned erven shall be subject to the following conditions:

- (a) ERF NO 213.
The erf is subject to a servitude for transformer site purposes in favour of the local authority as indicated on the general plan.
- (b) ERVEN NOS. 211 AND 213.
The erf is subject to a servitude for the conveyance of electricity in favour of the local authority as indicated on the general plan.
- (c) ERVEN NOS. 209, 211 AND 212.
The erf is subject to a servitude of right of way in favour of the local authority as indicated on the general plan.

3. Servitude for Sewerage and other Municipal Purposes.

In addition to the relevant conditions set out above the erven shall be subject to the following conditions:

- (a) The erf is subject to a servitude, six feet wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 6 feet thereof.
- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance and removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of construction, maintaining and removing such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

4. Definitions.

In the foregoing conditions the following terms shall have the meaning assigned to them:

- (i) "Applicant" means Norman Clifford Howson, and his successors in title to the township.
- (ii) "Dwelling-house" means a house designed for use as a dwelling for a single family

behoudens die voorwaardes van die skema waarvolgens die toestemming van die plaaslike bestuur vereis word.

- (k) Die waarde van die woonhuis sonder inbegrip van die buitegeboue, wat op die erf opgerig sal word, moet minstens R7,000 wees.
- (l) Indien die erf omhein of op enige ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal tot voldoening van die plaaslike bestuur opgerig en onderhou word.
- (m) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 35 voet (Engelse) van die straatgrens daarvan geleë wees.
- (n) Wanneer die dorp in 'n goedgekeurde dorpsaanleg-skema opgeneem is, mag die titelvoorwaardes wat in die dorpsaanlegskema opgeneem is, gekanselleer word indien 'n skriftelike sertifikaat tot dien effekte deur die plaaslike bestuur by die Registrateur van Aktes ingedien is.

2. Erwe aan Spesiale Voorwaardes Onderworpe.

Benewens die voorwaardes hierbo uiteengesit, is die ondergenoemde erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:

- (a) ERF NO. 213;
Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir transformatorterreindoeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur soos op die algemene plan aangedui.
- (b) ERWE NOS. 211 EN 213;
Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir die geleiding van elektrisiteit ten gunste van die plaaslike bestuur soos op die algemene plan aangedui.
- (c) ERWE NOS. 209, 211 EN 212;
Die erf is onderworpe aan 'n serwituut van reg van weg ten gunste van die plaaslike bestuur soos op die algemene plan aangedui.

3. Serwituut vir Riolerings- en ander Munisipale Doel-eindes.

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit is die erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut, ses voet breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur, langs slegs een van sy grense, uitgesonderd 'n straatgrens, soos bepaal deur die plaaslike bestuur.
- (b) Geen gebou of ander struktuur mag binne voormelde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 6 voet daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om sodanige materiaal as wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke as wat hy na goeddunke as noodsaaklik beskou, tydelik te gooi op die grond wat aan voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade veroorsaak wat gedurende die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

4. Woordomskeywing.

In voormelde voorwaardes het onderstaande uitdruk-kings die betekenisse wat daaraan geheg word:—

- (i) „Applikant” beteken Norman Clifford Howson en sy opvolgers in titel tot die dorp.
- (ii) „Woonhuis” beteken 'n huis wat ontwerp is vir gebruik as 'n woning vir een gesin.

5. State and Municipal Erven.

Should any erf acquired as contemplated in Clause B1 (i) and (ii) hereof be registered in the name of any person other than the State or the local authority such erf shall thereupon be subject to such of the aforementioned or such other conditions as may be imposed by the Administrator after consultation with the Townships Board.

No. 100 (Administrator's), 1970

PROCLAMATION

by The Honourable the Administrator of the Province of Transvaal.

Whereas, in terms of section 14(2) of Ordinance 20 of 1943, the Administrator is empowered by proclamation to include areas in the area of jurisdiction of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas;

And whereas it is deemed expedient to include the area described in the Schedule hereto in the area of jurisdiction of the said Board.

Now, therefore, I do by this Proclamation proclaim that the area described in the Schedule hereto, shall be included in the area of jurisdiction of the said Board.

Given under my Hand at Pretoria on this 8th day of April, One Thousand Nine hundred and Seventy.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.L.G. 16/4 TF.

SCHEDULE.

**TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT
OF PERI-URBAN AREAS: DESCRIPTION OF AREA
INCLUDED.**

The farm Rhenosterspruit 326-IP, Magisterial District of Klerksdorp.

No. 101 (Administrator's), 1970.

PROCLAMATION

by The Honourable the Administrator of the Province of Transvaal.

Whereas an application has been received for permission to establish the township of Morningside Extension No. 14 on Portion 401 (a portion of Portion 119) of the farm Zandfontein No. 42 IR, district Johannesburg;

And whereas the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, relating to the establishment of townships, have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (4) of section 20 of the said Ordinance, I hereby declare that the said township shall be an approved township, subject to the conditions contained in the schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria on this 8th day of April, One Thousand Nine Hundred and Seventy.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province of Transvaal.
T.A.D. 4/8/2360.

5. Staats- en Munisipale Erwe.

As enige erf verkry soos beoog in klousule B1 (i) en (ii) hiervan op naam van enigiemand anders as die Staat of die plaaslike bestuur geregistreer word, is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige van die voornoemde of sodanige ander voorwaardes as wat die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad mag bepaal.

No. 100 (Administrateurs-), 1970.

PROKLAMASIE

deur Sy Edele die Administrateur van die Provinsie Transvaal.

Nademaal ingevolge artikel 14(2) van Ordonnansie 20 van 1943, die Administrateur bevoeg is om by proklamasie gebiede in die regsgebied van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede op te neem;

En nademaal dit dienstig geag word om die gebied omskryf in die Bylae hierby in die regsgebied van genoemde Raad op te neem;

So is dit dat ek by hierdie Proklamasie proklameer dat die gebied omskryf in die Bylae hierby in die regsgebied van genoemde Raad opgeneem word.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 8ste dag van April Eenduisend Negehonderd-en-Sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.L.G. 16/4 TF.

BYLAE.

**TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING
VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE: BESKRYWING
VAN GEBIED INGELYF.**

Die plaas Rhenosterspruit 326-IP, Landdrosdistrik van Klerksdorp.

No. 101 (Administrateurs-), 1970.

PROKLAMASIE

deur Sy Edele die Administrateur van die Provinsie Transvaal.

Nademaal 'n aansoek ontvang is om toestemming om die dorp Morningside Uitbreiding No. 14 te stig op Gedeelte 401 ('n gedeelte van Gedeelte 119) van die plaas Zandfontein No. 42-IR, distrik Johannesburg;

En nademaal aan die bepalings van die Dorpe-en Dorps-aanleg-Ordonnansie, 1931, wat op die stigting van dorpe betrekking het, voldoen is;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (4) van artikel 20 van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat genoemde dorp 'n goedgekeurde dorp is, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande bylae.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 8ste dag van April Eenduisend Negehonderd-en-Sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
T.A.D. 4/8/2360.

SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY HOWCRAFT (PROPRIETARY) LIMITED UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWNSHIPS AND TOWN-PLANNING ORDINANCE, 1931, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 401 (A PORTION OF PORTION 119) OF THE FARM ZANDFONTEIN NO. 42-IR, DISTRICT JOHANNESBURG WAS GRANTED.

A. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name.*

The name of the township shall be Morningside Extension No. 14.

2. *Design of Township.*

The township shall consist of erven and a street as indicated on General Plan S.G. No. A.3531/67.

3. *Water.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that —

- (a) a supply of potable water, sufficient for the needs of the inhabitants of the township when it is fully built up, including provision for fire fighting services, is available;
- (b) arrangements to the satisfaction of the local authority have been made regarding the delivery of the water referred to in (a) above and the reticulation thereof throughout the township: Provided that such arrangements shall include the following provisions —
 - (i) That before the plans of any building to be erected upon any erf are approved by the local authority the applicant shall cause a suitable supply of water to be laid on to the street frontage of the erf;
 - (ii) that all costs of, or connected with, the installation of plant and appurtenances for the delivery storage, if necessary, and reticulation of the water shall be borne by the applicant, who shall also be responsible for the maintenance of such plant and appurtenances in good order and repair until they are taken over by the local authority: Provided that if the local authority requires the applicant to install plant and appurtenances of a capacity in excess of the needs of the township the additional costs occasioned thereby shall be borne by the local authority;
 - (iii) that the local authority shall be entitled to take over free of cost the said plant and appurtenances at any time, subject to the giving of six months' notice: Provided that until the local authority takes over the said water supply the applicant may make charges for water supplied at a tariff approved by the local authority;
- (c) the applicant has furnished the local authority with adequate guarantees regarding the fulfilment of its obligations under the abovementioned arrangements.

BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GE-DOEN DEUR HOWCRAFT (PROPRIETARY) LIMITED INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE DORPE- EN DORPSAANLEG-ORDONNANSIE NO. 11 VAN 1931, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 401 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 119) VAN DIE PLAAS ZANDFONTEIN NO. 42-IR, DISTRIK JOHANNESBURG TOEGESTAAN IS.

A. STIGTINGSVOORWAARDES.

1. *Naam.*

Die naam van die dorp is Morningside Uitbreiding No. 14.

2. *Ontwerpplan van die Dorp.*

Die dorp bestaan uit erwe en 'n straat soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A. 3531/67.

3. *Water.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê waarin vermeld word dat —

- (a) 'n voorraad water geskik vir menslike gebruik en wat toereikend is om aan die vereistes van die inwoners van die dorp te voldoen wanneer dit heeltemal toegebou is, met inbegrip van voorsiening van brandweerdienste, beskikbaar is;
- (b) reëlins tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is in verband met die lewering van die water in (a) hierbo genoem en die retikulasie daarvan deur die hele dorp: Met dien verstande dat hierdie reëlins die volgende bepalings insluit:—
 - (i) Dat die applikant 'n geskikte voorraad water tot by die straatfront van die erf moet laat aanlê, voordat die plan van enige gebou wat op enige erf opgerig gaan word, deur die plaaslike bestuur goedgekeur word;
 - (ii) dat alle koste van, of in verband met, die installering van 'n installasie en toebehore vir die lewering, opgaar, indien nodig, en retikulasie van die water deur die applikant gedra moet word, en die applikant is ook aanspreeklik om sodanige installasie en toebehore in 'n goeie toestand te onderhou tot tyd en wyl dit deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat, indien die plaaslike bestuur vereis dat die applikant 'n installasie en toebehore van 'n groter kapasiteit as wat vir die dorp nodig is, moet installeer, die ekstra koste wat daardeur meegebring word deur die plaaslike bestuur gedra moet word.
 - (iii) dat die plaaslike bestuur daartoe geregtig is om genoemde installasie en toebehore te eniger tyd kosteloos oor te neem, op voorwaardes dat ses maande kennis gegee moet word: Met dien verstande dat die applikant geld vir water wat gelewer word teen 'n tarief deur die plaaslike bestuur goedgekeur, kan vorder tot tyd en wyl die plaaslike bestuur genoemde waterlewering oorneem;
- (c) die applikant geskikte waarborge aan die plaaslike bestuur verstrek het, met betrekking tot die nakoming van sy verpligtings kragtens bostaande reëlins.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and the major features of the arrangements entered into between the applicant and the local authority, with special reference to the guarantees referred to in sub-paragraph (c) shall accompany the certificate as an annexure thereto.

4. Sanitation.

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the sanitation of the township, which shall include provision for the disposal of waste water and refuse.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

5. Electricity.

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the supply and distribution of electricity throughout the township.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

6. Cemetery, Depositing and Bantu Location Sites.

With reference to Administrator's Notice No. 738 of 13th September, 1967, it is hereby notified for general information that the Administrator is pleased, under the provisions of paragraph (ii) of sub-section (1) and paragraph (ii) of sub-section (7) of section 56 of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), to approve that the surveyed outspan, indicated on diagram S.G. No. A.2140/28, to which certain remaining portion of portion C of portion of the farm Zwartkop 356-J.R., District of Pretoria, is subject, be reduced to 5 morgen and the reduced outspan be surveyed in a position as indicated on diagram S.G. No. A.7028/69.

D.P. 01-012-37/3/Z.3 Vol. II.

Administrator's Notice 422

22 April 1970

DECLARATION AS SUBSIDY ROAD: JURISDICTION OF KOMATIPOORT: DISTRICT OF NELSPRUIT.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, in terms of section 40(a) of

Administrateurskennisgewing 420

22 April 1970

VOORGESTELDE OPHEFFING VAN UITSPANNING OP DIE PLAAS MURRAYFIELD 343-J.R.: DISTRIK PRETORIA.

Met die oog op 'n aansoek ontvang namens Mnre. Thebes Beleggings (Edms.) Bpk., om die opheffing van die servituut van uitspanning, groot 1 morg, waaraan die resterende gedeelte van die plaas Murrayfield 343-J.R., Distrik Pretoria, onderworpe is, is die Administrateur van voornemens om ooreenkomstig artikel ses-en-vyftig van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), op te tree.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne drie maande vanaf datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant, hulle besware by die Streekbeampte, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatstak 2, Môregloed, Pretoria, skriftelik in te dien.

D.P. 01-012-37/3/M.3.

Administrateurskennisgewing 421

22 April 1970

VERMINDERING EN OPMETING VAN UITSPANNING: ZWARTKOP 350-J.R., DISTRIK PRETORIA.

Met betrekking tot Administrateurskennisgewing No. 738 van 13 September 1967 word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Administrateur behaag om, ingevolge paragraaf (ii) van sub-artikel (1) en paragraaf (ii) van sub-artikel (7) van artikel 56 van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), goedkeuring te heg dat die opgemete uitspanning, aangetoon op diagram L.G. No. A.2140/28, waaraan sekere resterende gedeelte van gedeelte C van gedeelte van die plaas Zwartkop 356-J.R., distrik Pretoria, onderworpe is, verminder word na 5 morge en die verminderde uitspanning opgemeet word in 'n ligging soos aangetoon op diagram L.G. No. A.7028/69.

D.P. 01-012-37/3/Z.3 Vol. II.

Administrateurskennisgewing 422

22 April 1970

VERKLARING VAN STRAATSEKSIE AS SUBSIDIEPAD: REGSGEBIED VAN KOMATIPOORT: DISTRIK NELSPRUIT.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, ingevolge artikel 40(a) van die

the Roads Ordinance 1957 (Ordinance 22 of 1957) as amended, that the Street section within the jurisdiction of Komatipoort, as described in the Schedule subjoined hereto, shall exist as subsidy roads.

D.P. 04-044-4/1 Vol. II.

STREET SECTION DECLARED AS SUBSIDY ROADS

Local Authority	Road	Description	Length Mile
Komatipoort	1120	Rissik Street	0.8

Administrator's Notice 423

22 April 1970

STANDARD BY-LAWS REGULATING THE SAFE-GUARDING OF SWIMMING POOLS AND EXCAVATIONS.

The Administrator hereby, in terms of section 96 *bis* (1) of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the standard by-laws set forth hereinafter, which have been made by him in terms of the said section.

- In these by-laws, unless the context otherwise indicates —
"council" means a town council, village council or health committee established in terms of the Local Government Ordinance, 1939, or the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas established in terms of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943, and includes the management committee of a council or any officer in the service of a council acting by virtue of any power vested in a council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, or section 21 *bis* of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943;
"premises" means any land, building or structure.
- The owner or occupier of any premises shall adequately protect every swimming pool, hole, well, pit, excavation, pond and the like thereon containing or capable of containing at any point water to a depth of more than 12 inches, so as to prevent access thereto by children under the age of 4 years.
- (1) For the purpose of these by-laws "adequately protect" means to provide —
 - in relation to a swimming pool, a fence, wall or other enclosure as prescribed in subsection (2) entirely surrounding such swimming pool;
 - in relation to any hole, well, pit, excavation, pond and the like, a fence, wall, enclosure or covering as prescribed in subsection (2); to the satisfaction of the council.
- (2) (a) Such fence, wall or other enclosure shall be not less than 4 feet in height and so situated and constructed as to be impenetrable to children under the age of 4 years. All gates in such enclosure shall be fitted with a self-closing device and a latch inaccessible to such children from the outside.

Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), soos gewysig, goedgekeur het dat die Straatseksie binne die regsgebied van Komatipoort soos in bygaande bylae omskryf, as subsidiepad verklaar word.

D.P. 04-044-4/1 Vol. II.

STRAATSEKSIE VERKLAAR TOT SUBSIDIEPAD.

Plaaslike Bestuur	Pad	Beskrywing	Lengte Myl
Komatipoort	1120	Rissikstraat	0.8

Administrateurskennisgewing 423

22 April 1970

STANDAARDVERORDENINGE WAARBY DIE BEVEILIGING VAN SWEMBADDENS EN UITGRAWINGS GEREGULEER WORD.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 96 *bis* (1) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die standaardverordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge genoemde artikel gemaak is.

- In hierdie verordeninge, tensy die sinsverband anders aandui, beteken —
„perseel” enige grond, gebou of struktuur;
„raad” ’n stadsraad, dorpsraad of gesondheidskomitee ingestel ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, of die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede ingestel ingevolge die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943, en omvat die bestuurskomitee van ’n raad of enige beampste by ’n raad in diens, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan ’n raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiezings), 1960, of artikel 21 *bis* van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943, aan hom gedelegeer is.
- Die eienaar of okkupant van enige perseel moet elke swembad, gat, bron, put, uitgraving, vywer en iets soortgelyks daarop wat op enige punt water tot ’n diepte van meer as 12 duim bevat of kan bevat, deeglik beveilig ten einde dit vir kinders onder die leeftyd van 4 jaar ontoeganklik te maak.
- (1) Vir die toepassing van hierdie verordeninge beteken „deeglik beveilig” om —
 - met betrekking tot ’n swembad, ’n heining, muur of ander omheining soos in subartikel (2) voorgeskryf wat sodanige swembad heeltemal omring;
 - met betrekking tot enige gat, bron, put, uitgraving, vywer en iets soortgelyks, ’n heining, muur, omheining of bedekking soos in subartikel (2) voorgeskryf; tot voldoening van die raad te verskaf;
- (2) (a) Sodanige heining, muur of ander omheining mag nie minder as 4 voet hoog wees nie en moet so geleë en gebou wees dat dit vir kinders onder die ouderdom van 4 jaar ontoeganklik is. Alle hekke in sodanige omheining moet van ’n self-sluitende toestel voorsien wees en ’n knipslot wat vir sulke kinders ontoeganklik van buite is.

- (b) Any such covering shall be so secured and constructed as to be impenetrable to children under the age of 4 years.
- (3) Schedules A and B hereto are designed for the purposes of subsection (2)(a).
4. Notwithstanding the provisions of section 3 the council may permit the use of other means of protection if satisfied with the efficacy thereof.
5. (1) Where any swimming pool, hole, well, pit, excavation, pond and the like contemplated in section 2, is unprotected or inadequately protected, the council may by notice in writing require the owner or occupier of the premises concerned adequately to protect or fill in such pool, hole, well, pit, excavation, pond and the like to its satisfaction; within a period specified in such notice not being less than seven days.
- (2) If the owner or occupier fails to comply with such notice the council may do such work and recover the cost thereof from such owner or occupier.
6. Any person who contravenes or fails to comply with any provision of these by-laws or a notice in terms of section 5(1) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R100 or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding 6 months.

T.A.L.G. 5/182.

**SCHEDULE A.
SWIMMING POOL FENCE.
SUITABLE FOR CHILDREN OF 4 YEARS OF AGE
AND UNDER.**

1. The fence should, where practicable, be not less than 2' 6" away from any edge of the pool.
- The fence should be not less than 4' 0" high and is to be constructed in such a manner that young children are unable either to climb or squeeze through the fence.
2. An inexpensive suitable fence can be constructed of one bottom rail of $\frac{1}{2}$ " reinforcing rod 3" from ground level and a similar top rail 3" from top of fence, spot welded to uprights consisting of $\frac{3}{8}$ " diameter reinforcing rods cut approximately 8' 6" long and once bent in centre to form two uprights with easy bend at top.
- Uprights to be spaced at 4" centres.
- The fence to be supported on 1" diameter mild steel pipes 6' 0" long with 2' 0" embedded in ground with small concrete block 1' 0" x 1' 0" x 1' 0" at 10' 0" centres.
- Similarly provide similar posts at gate entrance approximately 2' 3" apart.
- Gate to be formed with frame of 1" internal diameter mild steel piping with all joints welded and filled in with $\frac{3}{8}$ " reinforcing rods as specified for fence.
- The gate is to be hung on adjustable hinges, and is to be provided with a spring ensuring automatic closure of gate.
- Fit gate with a spring steel catch and fitted with a mild steel cover plate, 4" x 3" x $\frac{1}{8}$ " thick, to prevent gate from being opened from outside.
- The gate and fencing to be cleaned of all rust and given one coat of aluminium paint.

SCHEDULE B.

**ANOTHER SUITABLE TYPE OF FENCE COM-
PRISES:**

Pressed steel uprights of 22 gauge, $2\frac{1}{2}$ " wide, 4' 0" high with extrusion in centre, evenly rounded off at the top and

- (b) Enige sodanige bedekking moet so vasgeheg en gebou wees dat dit ontoeganklik is vir kinders onder die ouderdom van 4 jaar.
- (3) Bylaes A en B hierby is ontwerp vir die doeleindes van subartikel (2)(a).
4. Ondanks die bepalings van artikel 3 kan die raad die gebruik van ander beveiligingsmiddels toelaat as hy van die doeltreffendheid daarvan oortuig is.
5. (1) Waar enige swembad, gat, bron, put, uitgraving, vywer, en iets soortgelyks in artikel 2 beoog, nie beveilig of nie deeglik beveilig is nie, kan die raad per skriftelike kennisgewing die eienaar of okkupant van die betrokke perseel aansê om sodanige bad, gat, bron, put, uitgraving, vywer en iets soortgelyks, tot sy voldoening deeglik te beveilig binne 'n tydperk in sodanige kennisgewing vermeld wat minstens sewe dae moet wees.
- (2) As die eienaar of okkupant versuim om aan sodanige kennisgewing te voldoen, kan die raad sodanige werk doen en die koste daarvan op sodanige eienaar of okkupant verhaal.
6. Iedereen wat enige bepaling van hierdie verordeninge of 'n kennisgewing ingevolge artikel 5(1) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 6 maande.

T.A.L.G. 5/182.

**BYLAE A.
SWEMBADOMHEINING.
GESKIK VIR KINDERS VAN 4 JAAR EN JONGER.**

1. Die heining moet, waar doenlik, minstens 2' 6" van enige kant van die swembad af wees.
- Die heining moet minstens 4' 0" hoog wees en moet so gebou word dat jong kinders nóg deur die heining kan klim nóg kan deurdruk.
2. 'n Goedkoop geskikte heining kan gebou word van een onderreling van $\frac{1}{2}$ "-wapeningsstang 3" bo grondoppervlak en 'n soortgelyke boreling 3" van bokant van heining aan staanders puntgesweis, bestaande uit wapeningstange met 'n deursnee van $\frac{3}{8}$ " wat ongeveer 8' 6" lang gesny en een keer in die middel gebuig is om twee standers met 'n breë buigstang aan die bokant te vorm.
- Staanders moet op hartafstande van 4" gespaseer word.
- Die heining moet op weekstaalpype 1" in deursnee en 6' 0" lank ondersteun word met 2' 0" in die grond ingelê met betonblokkie 1' 0" x 1' 0" x 1' 0" op hartafstande van 10' 0".
- Verskaf insgelyks soortgelyke pale by hekingang ongeveer 2' 3" uitmekaar.
- Hek moet gevorm word met raam van weekstaalpype met boring van 1" en met alle lasse gesoldeer in met $\frac{3}{8}$ "-wapeningstange ingevul soos vir heining gespesifiseer.
- Die hek moet aan stelbare skarniere gehang word, en moet van 'n veer voorsien word wat outomatiese sluiting van die hek verseker.
- Voorsien hek van veerstaalknip toegerus met 'n weekstaaldekplaat, 4" x 3" x $\frac{1}{8}$ " dik, om te verhoed dat die hek van buite oopgemaak word.
- Die hek en heining moet van alle roes skoongemaak word en een laag aluminiumverf gegee word.

**BYLAE B.
'N ANDER GESKIKTE TIPE HEINING BESTAAN
UIT:**

Persstaalstaanders van dikte 22, $2\frac{1}{2}$ " wyd, 4' 0" hoog met ekstrusie in die middel, gelyk afgerond aan bokant en punt-

spot welded at 2" opening to 22 gauge horizontal metal rails 2" wide with $\frac{1}{4}$ " turnovers as stiffeners.

The rails to be 3" from top and 3" from bottom of uprights.

Sections 3' 0" in width are supported on 5' 0" long 20 gauge uprights twice bent to form 1" x 1" x 1" open section.

To top of 1" upright weld on 2" x 22 gauge slotted bracket and supply similar loose bracket for bottom rail.

Set 1' 0" of 1" upright into 6" hole in ground 12" deep and filled in with 6.3.1 cement concrete.

Bolt all uprights with the brackets through existing holes in fencing, with $\frac{1}{4}$ " mild steel bolts 1" long complete with nuts and washers.

Gate to be 4' 0" high x 2' 6" wide and to be pedestrian tubular type formed of 1" diameter mild steel tubing, with all joints welded and filled in with steel pickets as specified for fencing.

Hang gate on a pair of adjustable hinges and fit gate with a spring ensuring automatic closure of gate.

Gate is to be fitted with a spring steel catch, covered on the outside with a 4" x 3" x $\frac{1}{8}$ " mild steel plate to prevent gate from being opened on the outside.

All metal components to be given one undercoat and one finishing coat of high-gloss paint.

gesweis by 2"-opening na horisontale metaalrelings, dikte 22, 2" wyd met $\frac{1}{4}$ " omlêe as versterkers.

Die relings moet 3" van die bokant en 3" van die onderkant van staanders wees.

Seksies 3' 0" wyd word ondersteun op 5' 0" lank staanders dikte 20, wat twee maal gebuig is om 1" x 1" x 1" oop seksie te vorm.

Aan bokant van 1" staander sweis gleufsteun, dikte 2" x 22 en verskaf soortgelyke los steun vir onderreling.

Pas 1' 0" van 1"-staander in 6"-gat in grond 12" diep en vul op met sementbeton, 6.3.1.

Bout alle staanders met die steune vas deur bestaande gate in heining, met $\frac{1}{4}$ "-weekstaalboute 1" lank volledig met moere en wasters.

Hek moet 4' 0" hoog x 2' 6" wyd wees en moet voetgangerpyptipe wees van weekstaalpypmerk, 1" in deursnee, gevorm, met alle lasse gesweis en gevul met staalspitspale soos vir omheining gespesifiseer.

Hang hek aan 'n paar stelbare skarniere en voorsien hek van 'n veer wat outomatiese sluiting van die hek verseker.

Hek moet van 'n veerstaalknip voorsien word, wat aan die buitekant met 'n weekstaalplaat, 4" x 3" x $\frac{1}{8}$ " bedek is om te verhoed dat die hek van buite af oopgemaak word.

Alle metaalkomponente moet een onderlaag en een afwerklaag hoëglansverf gegee word.

Administrator's Notice 424

22 April 1970

WIDENING OF DISTRICT ROAD 1289: DISTRICT OF VEREENIGING.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved in terms of section three of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957) that the portion of District Road 1289 within Witkop township, district of Vereeniging, shall be widened from 50 Cape feet to 120 Cape feet, as indicated on the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 021-024-23/22/1289.


Administrateurskennisgewing 424

22 April 1970

VERBREIDING VAN DISTRIKSPAD 1289: DISTRIK VEREENIGING.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, ingevolge artikel drie van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), goedgekeur het dat die gedeelte van Distrikspad 1289 geleë binne Witkop dorpsgebied, distrik Vereeniging, verbreed word vanaf 50 Kaapse voet na 120 Kaapse voet, soos op bygaande sketsplan aangetoon.

D.P. 021-024-23/22/1289.



Administrator's Notice 425

22 April 1970

ROAD ADJUSTMENTS ON THE FARM KRUISFONTEIN 262-J.R.: DISTRICT OF PRETORIA.

In view of an application having been made by Mr. J. J. Swanepoel, for the closing of a public road on the farm Kruisfontein 262-J.R., District of Pretoria, it is the Administrator's intention to take action in terms of section twenty-eight of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957).

Administrateurskennisgewing 425

22 April 1970

PADREËLINGS OP DIE PLAAS KRUISFONTEIN 262-J.R.: DISTRIK PRETORIA.

Met die oog op 'n aansoek ontvang van mnr. J. J. Swanepoel om die sluiting van 'n openbare pad op die plaas Kruisfontein 262-J.R., distrik Pretoria, is die Administrateur voornemens om ooreenkomstig artikel agt-en-twintig van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957) op te tree.

It is competent for any person interested to lodge objections in writing with the Regional Officer, Transvaal Roads Department, Private Bag 2, Môregloed, Pretoria, within thirty days of the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

In terms of sub-section (3) of section *twenty-nine* of the said Ordinance, it is notified for general information that if any objection to the said application is made, but is thereafter dismissed, the objector may be held liable for the amount of R10 in respect of the costs of a commission appointed in terms of section *thirty*, as a result of such objections.

D.P. 01-012-23/24/K.10.


Administrator's Notice 426

22 April 1970

WIDENING OF DISTRICT ROAD 2178: DISTRICT OF VENTERSDORP.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Ventersdorp, in terms of section *three* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), that District Road 2178 traversing the farm Roodepoort 191, I.P., district of Ventersdorp shall be widened to 120 Cape feet, as indicated on the subjoined sketch plan.

D.P. 07-076-23/22/145.



Administrator's Notice 427

22 April 1970

ROAD ADJUSTMENTS ON THE FARMS VLAKFONTEIN 367-I.T. AND KALKOENKRANS 366-I.T.: DISTRICT OF AMERSFOORT.

In view of an application having been made by Messrs. Moolman and Arnoldi for the closing of a public road on the farms Vlakfontein 367-I.T. and Kalkoenkrans 366-I.T., District of Amersfoort, it is the Administrator's intention to take action in terms of section *twenty-eight* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957).

It is competent for any person interested to lodge his objections, in writing, with the Regional Officer, Transvaal Roads Department, Private Bag 34, Ermelo, within 30 days of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

In terms of subsection (3) of section *twenty-nine* of the said Ordinance, it is notified for general information that if any objection to the said application is made, but is hereafter dismissed, the objector may be held liable for the amount of R10 in respect of the costs of a commission appointed in terms of section *thirty*, as a result of such objections.

D.P. 051-055-23/24/11/5.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne dertig dae vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant, hulle besware by die Streekbeampte, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatsak 2, Môregloed, Pretoria, skriftelik in te dien.

Ooreenkomstig subartikel (3) van artikel *nege-en-twintig* van genoemde Ordonnansie word dit vir algemene inligting bekendgemaak dat indien enige beswaar gemaak word, maar daarna van die hand gewys word, die beswaarmaker aanspreeklik gehou kan word vir die bedrag van R10 ten opsigte van die koste van 'n kommissie wat aangestel word ooreenkomstig artikel *dertig*, as gevolg van sulke besware.

D.P. 01-012-23/24/K.10.

Administrateurskennisgewing 426

22 April 1970

VERBREIDING VAN DISTRIKSPAD 2178: DISTRIK VENTERSDORP.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Ventersdorp, goedgekeur het, ingevolge artikel *drie* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), dat Distrikspad 2178 oor die plaas Roodepoort 191, I.P., distrik Ventersdorp verbreed word na 120 Kaapse voet soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 07-076-23/22/145.

D.P. 07-076-23/22/145.

VERWYSING.	REFERENCE.
BESTAANDE PAAK	EXISTING ROADS
PAD VERBREED NA, 120 KAAPSE VOET.	ROAD WIDENED TO, 120 CAPE FEET.



Administrateurskennisgewing 427

22 April 1970

PADREËLINGS OP DIE PLASE VLAKFONTEIN 367-I.T. EN KALKOENKRANS 366-I.T.: DISTRIK AMERSFOORT.

Met die oog op 'n aansoek ontvang van mnre. Moolman en Arnoldi om die sluiting van 'n openbare pad op die plase Vlakfontein 367-I.T. en Kalkoenkrans 366-I.T., distrik Amersfoort, is die Administrateur voornemens om ooreenkomstig artikel agt-en-twintig van die Padordonnansie 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) op te tree.

Alle persone is bevoeg om binne 30 dae vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware skriftelik by die Streekbeampte, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatsak 34, Ermelo, in te dien.

Ooreenkomstig subartikel (3) van artikel *nege-en-twintig* van genoemde Ordonnansie word dit vir algemene inligting bekendgemaak dat indien enige beswaar gemaak word, maar daarna van die hand gewys word, die beswaarmaker aanspreeklik gehou kan word vir die bedrag van R10 ten opsigte van die koste van 'n kommissie wat aangestel word ooreenkomstig artikel *dertig*, as gevolg van sulke besware.

D.P. 051-055-23/24/11/5.


Administrator's Notice 428

22 April 1970

ROAD ADJUSTMENTS ON THE FARM HEUVELFONTEIN 215-I.R.: DISTRICT OF WITBANK

With reference to Administrator's Notice No. 130 dated 7th February 1968, it is hereby notified for general information that the Administrator is pleased, under the provisions of sub-section (6) of section *twenty-nine* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), to approve the road adjustments, shown on the sub-joined sketch plan.

D.P. 01-015W-23/24/H.1. Vol. II.



Administrateurskennisgewing 428

22 April 1970

PADREËLINGS OP DIE PLAAS HEUVELFONTEIN 215-I.R.: DISTRIK WITBANK.

Met betrekking tot Administrateurskennisgewing No. 130 van 7 Februarie 1968, word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat dit die Administrateur behaag om ooreenkomstig subartikel (6) van artikel *nege-en-twintig* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957) goedkeuring te heg aan die padreëlings, soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 01-015W-23/24/H.1. Vol. II.

D.P. 01-015W-23/24/H.1.
Reference Verwysing

Existing roads ===== Bestaande paaie
Road closed. ===== Pad gesluit
Road opened ===== Pad geopen


Administrator's Notice 429

22 April 1970

OPENING OF PUBLIC DISTRICT ROADS: DISTRICT OF RUSTENBURG.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Rustenburg, that public district roads, 30 Cape feet wide, traversing the farm Zandfontein 386-J.Q., district of Rustenburg, shall exist in terms of paragraphs (b) and (c) of sub-section (1) of section *five* and section *three* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), as indicated on the subjoined sketch plan.

D.P. 08-082-23/24/Z/2.



Administrateurskennisgewing 429

22 April 1970

OPENING VAN OPENBARE DISTRIKSPAAIE: DISTRIK RUSTENBURG.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur, ná ondersoek en verslag deur die Pdraad van Rustenburg, goedgekeur het dat openbare distrikspaaie, 30 Kaapse voet breed, op die plaas Zandfontein 386-J.Q., distrik Rustenburg, kragtens paragrawe (b) en (c) van subartikel (1) van artikel *vyf en artikel drie* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), sal bestaan, soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 08-082-23/24/Z/2.

D.P. 08-082-23/24/Z/2.

Verwysing:- Reference:-
Pad geopen Road opened
30 K. ft. 30 C. ft.
Bestaande paaie Existing roads

Administrator's Notice 430

22 April 1970

ROAD ADJUSTMENTS ON THE FARM DOORNKOP 239-I.Q.: DISTRICT OF ROODEPOORT.

With reference to Administrator's Notice 1304 of 31 December 1968, it is hereby notified for general information that the Administrator is pleased, under the provisions of sub-section (1) of section *thirty-one* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), to approve the road adjustments, shown on the subjoined sketch plan.

D.P. 021-025-23/24/D.7.


Administrateurskennisgewing 430

22 April 1970

PADREËLINGS OP DIE PLAAS DOORNKOP 239-I.Q.: DISTRIK ROODEPOORT.

Met betrekking tot Administrateurskennisgewing 1304 van 31 Desember 1968 word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat dit die Administrateur behaag om ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *een-en-dertig* van die Padordonnansie 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), goedkeuring te heg aan die padreëlings, soos aangetoon by bygaande sketsplan.

D.P. 021-025-23/24/D.7.



Administrator's Notice 431

22 April 1970

Administrateurskennisgewing 431

22 April 1970

DEVIATION AND WIDENING OF DISTRICT ROAD 2177: DISTRICT OF BELFAST.


It is hereby notified for general information that the Administrator has approved after investigation and report by the Road Board of Belfast that District Road 2177 traversing the farm Elandshoek 339 J.T., district of Belfast shall be deviated and widened to 80 Cape feet in terms of paragraph (d) of sub-section (1) of section five and section three of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), as amended, as indicated on the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 04-045-23/22/2177.

VERLEGGING EN VERBREDING VAN DISTRIKS-PAD 2177: DISTRIK BELFAST.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur na ondersoek en verslag deur die Padraad van Belfast goedgekeur het dat Distrikspad 2177 oor die plaas Elandshoek 339 J.T., distrik Belfast ingevolge paragraaf (d) van sub-artikel (1) van artikel vyf en artikel drie van die Padordonnansie 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), soos gewysig verlê en verbreed word na 80 Kaapse voet soos op bygaande sketsplan aangetoon word.

D.P. 04-045-23/22/2177.



Administrator's Notice 432

22 April 1970

Administrateurskennisgewing 432

22 April 1970

DEVIATION AND WIDENING OF PROVINCIAL ROAD P97-2 DISTRICT OF WAKKERSTROOM.


It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Wakkerstroom, in terms of paragraph (d) of subsection (1) of section five and section three of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), that Provincial Road P97-2 traversing the farms Geelhoutboom 342-I.T. and Leiden 340 I.T. district of Wakkerstroom shall be deviated and widened to 120 Cape feet as indicated on the subjoined sketch plan.

D.P. 051-055W-23/21/P97-2.

VERLEGGING EN VERBREDING VAN PROVINSIALE PAD P97-2 DISTRIK WAKKERSTROOM.

Hiermee word dit vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Wakkerstroom ingevolge die bepalings van paragraaf (d) van subartikel (1) van artikel vyf en artikel drie van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), goedgekeur het dat Provinsiale Pad P97-2 oor die plase Geelhoutboom 342-I.T. en Leiden 340-I.T. distrik Wakkerstroom verlê en na 120 Kaapse voet verbreed word soos op bygaande sketsplan aangetoon.

D.P. 051-055W-23/21/P97-2.



Administrator's Notice 433

22 April 1970

CANCELLATION OF OUTSPAN SERVITUDE ON THE FARM DOORNKUIL 369-I.Q.: DISTRICT OF VEREENIGING.

With reference to Administrator's Notice 1312 of 19 November 1969, it is hereby notified for general information that the Administrator is pleased, under the provisions of paragraph (iv) of sub-section (1) of section Fifty-six of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), to approve the cancellation of the general Servitude of outspan, in extent 5 morgen to which the remainder of portion marked Lot 3 of the farm Doornkuil 369-I.Q., District of Vereeniging is subject.

D.P. 021-024-37/3/D4.

Administrator's Notice 434

22 April 1970

PRETORIA MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Pretoria Municipality published under Administrator's Notice 787, dated 18 October 1950, as amended, are hereby further amended by the insertion after item 1(3)(b) of Annexure VIII of Schedule 1 to Chapter 3 of the following:—

“(c) For the purpose of this scale the word ‘proclaimed township’ means an approved township as defined in section 1 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), and includes —

- (i) any premises outside such a township in respect of which the Council is, by reason of the location and extent of such premises and the purpose for which it is used, of the opinion that it should be deemed to be part of such a township; and
- (ii) any area of land laid out or divided into or developed as sites for residential or business purposes in respect of which the Council is, by reason of such lay-out, division or development, of the opinion that it should be deemed to be an approved township.”

T.A.L.G. 5/104/3.

Administrateurskennisgewing 433

22 April 1970

OPHEFFING VAN UITSPANSERWITUUT OP DIE PLAAS DOORNKUIL 369-I.Q.: DISTRIK VEREENIGING.

Met betrekking tot Administrateurskennisgewing 1312 van 19 November 1969, word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat dit die Administrateur behaag, om ooreenkomstig Paragraaf (iv) van subartikel (1) van artikel Ses-en-vyftig van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), goedkeuring te heg aan die opheffing van die algemene Serwituut van uitspanning, groot 5 morg waaraan die restant van gedeelte gemerk Lot 3 van die plaas Doornkuil 369-I.Q. Distrik Vereeniging onderhewig is.

D.P. 021-024-37/3/D4.

Administrateurskennisgewing 434

22 April 1970

MUNISIPALITEIT PRETORIA: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Pretoria, afgekondig by Administrateurskennisgewing 787 van 18 Oktober 1950, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur na item 1(3)(b) van Aanhangsel VIII van Bylae 1 by Hoofstuk 3 die volgende in te voeg:—

“(c) Vir die toepassing van hierdie skaal beteken die woorde ‘geproklameerde dorp’ ’n goedgekeurde dorp soos dit omskryf is in artikel 1 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), en omvat —

- (i) enige perseel buite so ’n dorp ten opsigte waarvan die Raad weens so ’n perseel se ligging en grootte en die doel waarvoor dit gebruik word, meen dat dit as ’n deel van so ’n dorp beskou moet word; en
- (ii) enige stuk grond wat verdeel is in of uitgelê of ontwikkel is as terreine vir woon- of besigheidsdoeleindes ten opsigte waarvan die Raad weens sodanige uitleg, verdeling of ontwikkeling meen dat dit as ’n goedgekeurde dorp beskou moet word.”

T.A.L.G. 5/104/3.

Administrator's Notice 435

22 April 1970

TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS: ELOFF LOCAL AREA COMMITTEE: ELECTION OF MEMBERS.

It is hereby notified, in terms of section 6(1) of Proclamation 231 (Administrator's), 1958, that the Administrator has determined Tuesday, 23rd June, 1970, as the date for the first election of members of the Eloff Local Area Committee.

T.A.L.G. 16/4/1/3.

Administrator's Notice 436

22 April 1970

PROPOSED CANCELLATION OF OUTSPAN SERVITUDE, FARM WELTEVREDEN 646-K.S.: DISTRICT OF POTGIETERSRUS.

In view of application having been made on behalf of Mr. P. A. de Clerq for the cancellation of the servitude of outspan, in extent 25 morgen 410 square roads to which portion 4 of the farm Weltevreden 646-K.S., district of Potgietersrus, is subject, it is the Administrator's intention to take action in terms of paragraph (iv), sub-section (1) of section fifty-six of the Roads Ordinance 22 of 1957.

It is competent for any person interested to lodge his objections in writing with the Regional Officer, Private Bag 9378, Pietersburg, within three months of the date of publication of the notice in the *Provincial Gazette*.

D.P. 03-033-37/3/W.29.

Administrator's Notice No. 437

22 April 1970

The following Draft Ordinance is published for general information:—

A

DRAFT ORDINANCE

To make provision for the establishment, control and management of museums, including art galleries by the Transvaal Provincial Administration; for this purpose to establish a museum service and an advisory board; and to provide for matters incidental thereto.

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal AS FOLLOWS:—

Definitions

1. In this Ordinance, unless the context otherwise indicates—

- (i) "Administrator" means the officer appointed under the provisions of section 66 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961), acting on the advice and with the consent of the Executive Committee of the Province; (i)
- (ii) "Board" means the Transvaal Provincial Museum Service Advisory Board established in terms of the provisions of section 3; (v)
- (iii) "local authority" means a city council, town council, village council or health committee established in terms of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of

Administrateurskennisgewing 435

22 April 1970

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE: PLAASLIKE GEBIEDSKOMITEE VAN ELOFF: VERKIESING VAN LEDE.

Daar word, ingevolge artikel 6(1) van Proklamasie 231 (Administrateurs-), 1958, hierby bekend gemaak dat die Administrateur, Dinsdag, 23 Junie 1970, bepaal het as die datum vir die eerste verkiesing van lede van die Plaaslike Gebiedskomitee van Eloff.

T.A.L.G. 16/4/1/3.

Administrateurskennisgewing 436

22 April 1970

VOORGESTELDE OPHEFFING VAN UITSPANSERWITUUT: PLAAS WELTEVREDEN 646-K.S.: DISTRIK POTGIETERSRUS.

Met die oog op 'n aansoek ontvang namens mnr. P. A. de Clerq om die opheffing van die servituut van uitspanning, 25 morg 410 vierkantroede groot, waaraan Ge-deelte 4 van die plaas Weltevreden 646-K.S., distrik Potgietersrus, onderworpe is, is die Administrateur voornemens om ooreenkomstig paragraaf (iv), subartikel (1) van artikel ses-en-vyftig van die Padordonnansie 22 van 1957, op te tree.

Alle belanghebbende persone is bevoegd om binne drie maande vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* hulle besware by die Streeksbeampte, Privaatsak 9378, Pietersburg, skriftelik in te dien.

D.P. 03-033-37/3/W.29.

Administrateurskennisgewing No. 437

22/4/1970.

Onderstaande Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer:—

'N

ONTWERPORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die instelling van, beheer oor en bestuur van museums, insluitende kunsgalerye, deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie; om vir dié doel 'n museum-diens en 'n raad van advies in te stel; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG:—

Woord-omskrywing.

1. In hierdie Ordonnansie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

- (i) „Administrateur” die amptenaar aangestel ingevolge die bepalings van artikel 66 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet 32 van 1961), handelende op die advies en met toestemming van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie; (i)
- (ii) „Diens” die Transvaalse Provinsiale Museumdiens ingestel ingevolge die bepalings van artikel 2(1); (vi)
- (iii) „museum” ook 'n kunsgalery nie maar nie 'n museum of kunsgalery wat onder die bepalings van die Wet op Staatsondersteunde Inrigtings, 1931 (Wet 23 van 1931), val;
- (iv)

1939), and includes the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas established in terms of section 2 of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance 20 of 1943), in respect of a local area committee established in terms of section 21 of the last-mentioned Ordinance; (iv)

- (iv) "museum" includes an art gallery other than a museum or art gallery which is subject to the provisions of the State Aided Institutions Act, 1931 (Act 23 of 1931); (iii)
- (v) "prescribe" means prescribe by regulation; (vi)
- (vi) "Service" means the Transvaal Provincial Museum Service established in terms of the provisions of section 2.(1). (ii)

Establishment of the Transvaal Provincial Museum Service

2. (1) There is hereby established a museum service to be known as the Transvaal Provincial Museum Service to assist the Administrator in the execution of the provisions of this Ordinance.

(2) The Administrator may, subject to the laws governing the Public Service of the Republic, appoint such officers and employees in the Service as he may deem necessary for the proper functioning thereof and prescribe their powers and duties.

Establishment of Transvaal Provincial Museum Service Advisory Board

3. (1) There is hereby established a Board to be known as the Transvaal Provincial Museum Service Advisory Board consisting of not less than five and not more than twelve members as the Administrator may from time to time determine.

(2) The Administrator may appoint any person who is not disqualified in terms of section 6 as a member of the Board.

(3) Any person appointed as a member of the Board in terms of subsection (2) shall, unless he resigns his office or dies or becomes disqualified, remain in office for a period of three years or for such shorter period as the Administrator may determine and shall be eligible for re-appointment.

Chairman of Board.

4. (1) The Administrator shall nominate one of the members of the Board to be the chairman thereof who shall, unless he resigns his office or dies or becomes disqualified, remain in office during the period for which he was appointed as member.

(2) If a vacancy occurs in the office of chairman, the Administrator shall nominate another member as chairman.

Secretary of the Board.

5. The Administrator shall appoint an officer in the Service as secretary of the Board.

Disqualification of members of the Board.

6. The following persons shall not be qualified to be appointed as members:

- (a) any person who is under the age of twenty-one years;
- (b) any person of unsound mind declared as such by a competent court or judicial officer;
- (c) any person who is not a South African citizen;
- (d) any person who is an unrehabilitated insolvent;
- (e) any person who has at any time been convicted of any offence for which he has been sentenced to imprisonment without the option of a fine, unless he has received a free pardon or unless such imprisonment has ex-

(iv) „plaaslike bestuur” ’n groot stadsraad, stadsraad, dorpsraad of gesondheidskomitee ingestel ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), en omvat die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede ingestel ingevolge artikel 2 van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie 20 van 1943), ten opsigte van ’n plaaslike gebiedskomitee ingestel ingevolge artikel 21 van laasgenoemde Ordonnansie; (iii)

(v) „Raad” die Raad van Advies insake die Transvaalse Provinsiale Museumdiens ingestel ingevolge die bepalings van artikel 3; (ii)

(vi) „voorskryf” by regulasie voorskryf. (v)

Instelling van die Transvaalse Provinsiale Museumdiens.

2. (1) Hierby word ’n museumdiens ingestel wat as die Transvaalse Provinsiale Museumdiens bekend staan, om die Administrateur in die uitvoering van die bepalings van hierdie Ordonnansie behulpzaam te wees.

(2) Die Administrateur kan, behoudens die wette betreffende die Staatsdiens van die Republiek, sodanige beampptes en werknemers in die Diens aanstel as wat hy wenslik ag vir die behoorlike funksionering daarvan en hul bevoegd-hede en pligte voorskryf.

Instelling van Raad Advies insake die Transvaalse Provinsiale Museumdiens.

3. (1) Hierby word ’n Raad ingestel wat as die Raad van Advies insake die Transvaalse Provinsiale Museumdiens bekend staan, en wat uit minstens vyf en hoogstens twaalf lede, na gelang die Administrateur van tyd tot tyd bepaal, bestaan.

(2) Die Administrateur kan iemand wat nie ingevolge artikel 6 onbevoeg is nie, tot lid van die Raad aanstel.

(3) Iemand wat ingevolge subartikel (2) tot lid van die Raad aangestel word, bly, tensy hy sy amp neerlê of te sterwe kom of onbevoeg raak, aan vir ’n tydperk of vir sodanige korter tydperk as wat die Administrateur bepaal van drie jaar en kan weer aangestel word.

Voorsitter van Raad.

4. (1) Die Administrateur benoem een van die lede van die Raad tot voorsitter daarvan wat, tensy hy sy amp neerlê of te sterwe kom of onbevoeg raak, aanbly gedurende die tydperk waarvoor hy tot lid aangestel is.

(2) As daar ’n vakature in die amp van voorsitter ontstaan, benoem die Administrateur ’n ander lid tot voorsitter.

Sekretaris van die Raad.

5. Die Administrateur stel ’n beampte in die Diens aan as sekretaris van die Raad.

Onbevoegheid van lede van die Raad.

6. Die volgende persone is onbevoeg om tot lede van die Raad aangestel te word:

- (a) iemand wat onder die ouderdom van een-en-twintig jaar is;
- (b) iemand wat geestelik gekrenk en as sodanig deur ’n bevoegde hof of regterlike beampte verklaar is;
- (c) iemand wat nie ’n Suid-Afrikaanse burger is nie;
- (d) iemand wat ’n ongerehabiliteerde insolvente persoon is;
- (e) iemand wat te eniger tyd skuldig bevind is aan ’n misdryf waarvoor hy tot gevangenisstraf sonder die keuse van ’n boete gevonnissen is tensy hy gracie ontvang het of tensy sodanige gevangenisstraf minstens drie jaar

pired at least three years before the date of his appointment.

Remuneration and travelling allowances of members of the Board.

7. There shall be paid out of moneys appropriated by the Provincial Council for the purpose, to a member of the Board (other than a member who is a member of the Public Service of the Republic) such remuneration by way of salary, fees or allowances and such travelling allowances and expenses as may from time to time be prescribed by regulation, or, in default of or subject to any such regulation, fixed by the Administrator either generally or in respect of any particular person or persons.

Meetings of the Board.

8. (1) The Board shall meet at least once in every twelve months as determined by the chairman: Provided that on the written request of not less than three members the chairman shall cause a special meeting of the Board to be held within fourteen days from the date on which request was received by him.

(2) Any member who, without leave of the Board fails to attend three consecutive meetings of the Board, shall cease to hold office and shall, notwithstanding the provisions of section 3(3), for a period of one year after the date of the last meeting which he fails to attend, not be eligible for re-appointment.

Duty of chairman to declare vacancy on Board and to notify Administrator.

9. (1) Whenever a vacancy occurs in the membership of the Board, the chairman shall at the first meeting of the Board held after such vacancy has arisen, declare that a vacancy exists.

(2) The chairman shall cause the Administrator to be notified of any declaration made in terms of subsection (1).

(3) On receipt of any notice in terms of subsection (2) the Administrator shall fill such vacancy by appointing as a member of the Board a person not subject to any of the disqualifications set forth in section 6.

(4) Any person appointed under the provisions of subsection (3) shall hold office for the remainder of the period his predecessor would have remained in office.

Dissolution of Board.

10. (1) Notwithstanding anything to the contrary in this Ordinance contained, the Administrator may at any time by notice in the *Provincial Gazette* dissolve the Board from a date stated in that notice if he is satisfied that the Board has unreasonably failed to carry out any of the duties or powers conferred upon it in terms of this Ordinance.

(2) Members of the Board shall within 14 days of the date of such notice be notified of such dissolution.

Appointment of members of the Board to be made known in Provincial Gazette.

11. The appointment of members, including any appointment made under section 9(3) and the nomination of the chairman of the Board, shall be made known in the *Provincial Gazette*.

Procedure at meetings of Board.

12. (1) The procedure at a meeting of the Board shall be as prescribed.

(2) At the first meeting of the Board, the members present shall elect one of their number to be vice-chairman of the Board.

(3) The chairman of the Board shall, if present, preside at every meeting of the Board.

voor die datum van sy aanstelling verstryk het.

Vergoeding en reistoelae van lede van die Raad.

7. Aan 'n lid van die Raad (uitgenome 'n lid wat 'n lid van die Staatsdiens van die Republiek is) word daar uit gelde vir dié doel deur die Provinsiale Raad bewillig, sodanige vergoeding betaal by wyse van salaris, gelde of toelae en sodanige reistoelae en onkoste wat van tyd tot tyd by regulasie voorgeskryf mag word, of, by ontstentenis van of behoudens enige sodanige regulasie, deur die Administrateur of in die algemeen of ten opsigte van enige besondere persoon of persone, vasgestel word.

Vergaderings van die Raad.

8. (1) Die Raad kom minstens een maal in elke twaalf maande byeen soos deur die voorsitter bepaal: Met dien verstande dat die voorsitter op skriftelike versoek van minstens drie lede 'n spesiale vergadering van die Raad moet laat hou binne veertien dae van die datum af waarop sodanige versoek deur hom ontvang is.

(2) 'n Lid wat sonder verlof van die Raad versuim om drie agtereenvolgende vergaderings van die Raad by te woon, hou op om sy amp te beklee en mag, ondanks die bepalings van artikel 3(3), vir 'n tydperk van een jaar na die datum van die laaste vergadering wat hy versuim het om by te woon, nie weer aangestel word nie.

Plig van voorsitter om vakature in Raad te verklaar en om Administrateur in kennis te stel.

9. (1) Wanneer 'n vakature in die lidmaatskap van die Raad ontstaan, verklaar die voorsitter op die eerste vergadering van die Raad, gehou nadat sodanige vakature ontstaan het, dat 'n vakature bestaan.

(2) Die voorsitter laat die Administrateur in kennis stel van enige verklaring ingevolge subartikel (1).

(3) Na ontvangs van die kennisgewing ingevolge subartikel (2), vul die Administrateur sodanige vakature aan deur iemand wat nie ingevolge artikel 6 onbevoeg is nie, tot lid van die Raad aan te stel.

(4) Iemand wat ingevolge die bepalings van subartikel (3) aangestel is, bly in sy amp aan vir die orige gedeelte van die tydperk wat sy voorganger die amp sou bly beklee het.

Ontbinding van Raad.

10. (1) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ordonnansie vervat, kan die Administrateur te eniger tyd, as hy daarvan oortuig is dat die Raad onredelik versuim het om die pligte en bevoegdhede kragtens hierdie Ordonnansie aan hom verleen na te kom, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* die Raad ontbind vanaf 'n datum wat in daardie kennisgewing vermeld word.

(2) Lede van die Raad word binne veertien dae vanaf die datum van sodanige kennisgewing van die ontbinding verwittig.

Aanstelling van lede van die Raad in die Provinsiale Koerant bekend gemaak te word.

11. Die aanstelling van lede, insluitende enige aanstelling ingevolge artikel 9(3) en die benoeming van die voorsitter van die Raad, word in die *Provinsiale Koerant* bekendgemaak.

Prosedure by vergadering van Raad.

12. (1) Die prosedure by 'n vergadering van die Raad is soos voorgeskryf.

(2) Op die eerste vergadering van die Raad kies die lede wat teenwoordig is, een uit hul geledere tot vise-voorsitter van die Raad.

(3) Die voorsitter van die Raad presideer elke vergadering van die Raad waarop hy teenwoordig is.

